## RAADSKENNISGEWING 38 VAN 2017

## OMSKRYWING VAN GEOGRAFIESE EENHEID: VRYSTAAT

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6A van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n geografiese eenheid onder die naam Vrystaat.

OLIVIA POONAH
SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD

## BYLAE

Die provinsie Vrystaat soos omskryf in Staatskoerant No 15466 van 28 Januarie 1994.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**OMSKRYWING VAN GEOGRAFIESE EENHEID: NOORD-KAAP (WYSIGING)**

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6A van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

(a) wysig hierby die omskrywing van die geografiese eenheid Noord-Kaap gepubliseer by Raadskennisgewing No 57 van 21 Mei 2004 en word vervang deur die omskrywing in die Bylae uiteengesit; en

(b) herroep hierby Raadskennisgewing No. 57 van 21 Mei 2004.

OLIVIA POONAH
SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD

## BYLAE

Die provinsie Noord-Kaap soos omskryf in Staatskoerant No. 15466 van 28 Januarie 1994 met uitsluiting van ondergenoemde gebied, geleë in die landdrosdistrik van Calvinia:

Begin by trigonometriese baken 827, op die grens tussen die landdrosdistrikte van Vanrhynsdorp en Calvinia, wat ook die noordwestelike baken van Perdekraal 464 is; daarvandaan algemeen suidoos met die algemeen oostelike grense van genoemde Perdekraal 464, Plaas 467, Os Hoek 469 en Plaas 639 tot by die suidelike baken daarvan; daarvandaan suidwes met 'n denkbeeldige reguitlyn tot op die plaas Ou Plaas; daarvandaan algemeen suid met die plaaspad deur die plase Grasberg en Willemsrivier tot waar dit aansluit by die hoofpad vanaf Loeriesfontein na Nieuwoudtville; daarvandaan verder suid met genoemde hoofpad en sekondêre pad deur Nieuwoudtville en die plase Oorlogskloof, Matjiesfontein, Papskuilsfontein tot op die plaas Brakputs (Lokenburg 815); daarvandaan suidoos met 'n denkbeeldige reguitlyn, getrek vanaf die plaas Brakputs na trigonometriese baken 815; daarvandaan verder suid met 'n denkbeeldige reguitlyn, getrek vanaf genoemde baken 815 deur die suidelike baken van Tweefontein 959 tot by 'n punt op die landdrosdistriksgrens tussen Calvinia en Clanwilliam; daarvandaan eers wes en dan noord met die landdrosdistriksgrens van Calvinia tot by trigonometriese baken 827; die beginpunt hierbo genoem.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**